INTERKERKLIKE GEBEDSGELEENTHEID

Die saambid geleentheid vind weer plaas op **Sondag 4 Maart 2018 om 16:00 in die Gemeenskapsaal in Proteadorp**. Kom neem deel daaraan en ondervind die seën van die eenheid van gelowiges oor kerkgrense.
Vir meer besonderhede bel Lisel 082 572 2711\ 028 272 9533

GEBEDFOKUS

Bid vir almal wat siek is – veral diegene wat op die gebedslys genoem word. Bid dat hulle die genade van die Here juis in hierdie tyd sal ervaar.

Sê dankie vir die reën wat al geval het. Kom ons buig voor die Here en vra verdere uitkoms.

KERKBODE

Lidmate kan inteken op die Kerkbode. Die inskrywingsgeld vir die Kerkbode is hierdie jaar R120. Die werklike prys is R191.

UIT DIE BEEK 2017

Iemand het gesoek na 'n 2017 Uit Die Beek. Daar is nou een by die kerkkantoor beskikbaar.

GROOT-DRUK BYBELS

As enige lidmaat 'n groot druk Bybel het wat nie gebruik word nie, kan dit by die kerkkantoor afgegee word.

'N BAKKIE VIR DIE KOSPROJEK IN ZAMBIË

Ons gemeente ondersteun Dries en Ilse van Jaarsveld se werk in Zambië. Shoprite in Kabwe gee vir hulle kos wat hulle in kinderhuise kan gebruik. Hulle kan meer kos kry, maar benodig 'n bakkie om dit te vervoer. R80 000 is reeds hiervoor ingesamel. Lidmate wat tot die bakkie-fonds wil bydra, kan geld by die kerkkantoor inbetaal of dit elektronies inbetaal en net merk **bakkie-fonds**.

DIE KERKKLOK

DEUR GOD
die bron
van lig en lewe

LEWE ONS

Kerkkantoor: 0282713470

Leraars:
CN Malan 072 198 7279
drchrismalan@outlook.com
S Sass 072 352 8347
sasssteven@hotmail.com

Webwerf: www.ngkkleinmond.co.za

25 Februarie 2018

Welkom by die Erediens

Derde Lydensweek

08:30	**Kerksaal**	**Ds. Steven Sass**
09:00	**Hangklip Sentrum**	**Dr. Chris Malan**
09:30	**Kerkgebou**	**Ds. Steven Sass**

Deurkollekte: CAVA

EREDIENSTE SONDAG 4 Maart 2018

08:30 Kerksaal
09:30 Kerkgebou
09:00 Sentrum in Bettysbaai

Deuroffer: BADISA

ONS GEE OM

WAAR DAAR HARTSEER EN KOMMER IS. . .

Ons dink aan almal wat ons gebede baie nodig het.
Ons dink veral aan Johan Naudé: BB5, Ettienne Gouws: BB5,
Sakkie Nel: Sa1, Johan van Rensburg: Sa1,
Tienie Geldenhuys: Sa4, Derick Karstel: Sb1,
Susan Grobler: Sb4, Ria Truter: Sc1, Hannie de Kock: KP,
Hempies Kock: KP en Ina Heunis: KP.

EN WAAR DAAR VREUGDE IS. . .

Baie geluk aan almal wat gedurende die week verjaar.
In die besonder baie geluk aan almal wat vandag verjaar:

AJ Coetzee (Bb4), Maret Fouché (PM2), Fia van Wyk (BB3).

ONS SÊ BAIE DANKIE AAN ONS HEMELSE VADER

Ons wil net baie dankie sê aan almal wat ons bygestaan het met my man se siekte van Desember af: dr. Chris Malan, lidmate, kennisse, vriende (ook van elders). Julle gebede, besoeke en omgee omvou ons nog elke dag met liefde. Dit gaan elke dag beter en Jan het weer begin stap.

Jan en Suretta Luttig

GEBEURTENISSE HIERDIE WEEK

Sondag	18:00	Bybelskool
Dinsdag	16:30	Gebedsgroep in konsistorie
Woensdag	09:00	Normaalklas vir Vrouebybelstudie
Donderdag	16:00	Kooroefening.

STREEKKERKRAADSVERGADERINGS

Lede van die Berg- en Seestreek moet daarop let dat die vergadering wat op die kerkalmanak geskeduleer is vir 28 Februarie verskuif is na voor die kerkraadsvergadering en dus reeds afgehandel is. Die volgende vergadering is op 23 Mei.

WÊRELDBIDDAG VIR VROUE

Op Vrydagmiddag 2 Maart bied ons gemeente Kleinmondgemeenskap se byeenkoms aan. Dit vind om 16:00 in die kerkgebou plaas. Almal is hartlik welkom. Nooi alle vroue in jou buurt en die vrou wat by jou werk ook saam. Die tema hierdie jaar is **GOD SE SKEPPING**

BIDDAG VIR MANS

In ons gemeenskap hou ons ook ‘n gebedsdag vir mans wat dan sommer gekombineer word met ‘n ontbyt. Die eerste Saterdag in Maart bots met die Woordfees en daarom sal hierdie geleentheid eers later plaasvind. Ons sal later al die besonderhede gee.

WELKOM NUWE INTREKKERS

Lidmaatskapsertifikate van die volgende lidmate is ontvang. Ons hoop hulle is reeds lekker tuis en ingeskakel.

Alfonso en Elushia Corday van der Merwe van Somerset-Wes (Ba1)
Hermanus Johannes en Lydia Schoeman en hul seun Tiaan van Riviera (Bb1)

DANKIE AAN LIDMATE

Baie dankie aan al die lidmate wat so ruim bygedra het tot die Kerspakkies in Desember. Dit het die lede van Diens van Barmhartigheid in staat gestel om ‘n lekker bederf-pakkie te kan pak vir almal wat dit nodig het.

GEMEENTEVROUE KUIER SAAM

Op Dinsdagmiddag 13 Maart kuier die gemeentevroue saam om die tema: DIE LEWE IS ‘N LIED!
Almal om 15:00 welkom in die kerksaal.
Kom ontspan lekker saam met jou gemeente-vriendinne.

Basaar in Kleinmond

Op **Saterdag 7 April** hou die Kleinmond-deel van die gemeente basaar. Hou die datum oop!

HK3 WOEKERPOGING

Heerlike Bobotie, rys en slaai in wegneemhouer teen R40 by Gladioluslaan 10, Heuningkloof vanaf 18:00 op 2 MAART 2018
Bestel by 028271 5316 voor 27 Februarie

WOEKERPOGING

Blok Sa bied 'n potjiekos-aand aan op Vrydag 9 Maart. Kaartjies is R60 per persoon en is by Pierre le Roux (3254) of Roelf Beukes (3129) beskikbaar.

HK1 WOEKER

Heerlike jaffels (suiwer maalvleis sonder soja!) teen R15 elk.
Dit is beskikbaar op Vrydag 16 Maart
Tuisaflewering
Bestel by Gielie du toit 028 271 5606.

Wit Olifante

Bring gerus solank wit olifante waarvan jy wil ontslae raak. As dit groot goed is, sal ons dit by jou kom haal. Laat weet net vir Hannah Louw (5890)